education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN – 2008

BEDRYFSEKONOMIE

STANDAARDGRAAD

MEI/JUNIE 2008

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en 'n antwoordblad van 2 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies/inligting aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   Bestaan uit EEN vraag met verskeie onderafdelings wat deur AL die kandidate beantwoord moet word. 'n Aparte ANTWOORDBLAD, bestaande uit twee bladsye word vir VRAAG 1 voorsien.

   AFDELING B: Bestaan uit AGT vrae. Beantwoord enige VYF vrae uit hierdie afdeling.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Trek 'n streep dwarsoor die bladsy aan die einde van elke antwoord.

4. Begin die antwoord vir elke vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Vrae moet in volsinne beantwoord word, behalwe waar dit nie vereis word nie. Kandidate sal vir kort, onvolledige antwoorde gepenaliseer word.

6. Indien meer as SES vrae beantwoord word, sal slegs die eerste SES toepaslike antwoorde nagesien word, naamlik:

   - VRAAG 1
   - Eerste VYF vrae uit AFDELING B

   Indien 'n vraag nie nagesien moet word nie, skryf duidelik KANSELLEER oor die hele bladsy.

7. Vrae moet in swart of blou ink beantwoord word.

8. Skenk aandag aan netheid, handskrif en taalgebruik.

9. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

10. Plaas die voltooide ANTWOORDBLAD vir VRAAG 1 binne die voorste omslag van die ANTWOORDEBOEK.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

Beantwoord VRAAG 1 op die aangehegte ANTWOORDBLAD. Plaas die voltooide ANTWOORDBLAD vir VRAAG 1 binne die voorste omslag van die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 1

1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Vier moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie op die ANTWOORDBLAD te maak. Daar is slegs EEN korrekte antwoord vir elke vraag.

Voorbeeld: 1.1.17

A	B	C	~~D~~

1.1.1 Watter EEN van die volgende ondernemings is verplig om algemene jaarvergaderings vir sy eienaars te hou?

A Jody en Seuns
B Jermaine Handelaars Bpk.
C Juliet Verskaffers (Edms.) Bpk.
D Jerome se Kwekery

1.1.2 Die behoefte aan meer bedryfskapitaal vergroot met die aankoop van meer …

A voertuie.
B toerusting.
C grondstowwe.
D geboue.

1.1.3 Die verspreiding van 'n versekeringsrisiko tussen 'n aantal maatskappye staan as … bekend.

A bybetaling
B subrogasie
C waarborg
D herversekering

1.1.4 'n Nadeel van massaproduksie is dat …

A die produksieproses nie maklik verander kan word nie.
B werkers en toerusting nie behoorlik aangewend word nie.
C daar 'n verhoging in vervoer- en hanteringskoste is.
D die toerusting nie gestandaardiseer kan word nie.

1.1.5 Wanneer 'n werkgewer homself teen die oneerlike optrede van sy werknemers verseker, neem hy 'n … versekeringspolis uit.

A derdeparty-
B getrouheids-
C sekuriteits-
D werkliedeskadeloosstelling-

1.1.6 Die aspek van die bemarkingsbeleid wat met die reklame, persoonlike verkope en publisiteit van 'n produk te doen het, is die … beleid.

A produk-
B prys-
C kommunikasie-
D distribusie-

1.1.7 Tandepasta wat gewoonlik gekoop word sonder om tyd te spandeer en met min moeite, is 'n voorbeeld van … goedere.

A uitsoek-
B industriële
C spesialiteits-
D geriefs-

1.1.8 Die invordering van agterstallige rekeninge is die verantwoordelikheid van die … afdeling.

A krediet-
B verkoops-
C reklame-
D bemarkings-

1.1.9 In 'n … mark word die prys van produkte deur die wisselwerking tussen vraag en aanbod bepaal.

A monopolistiese
B geld-
C perfekte
D verbruikers-

1.1.10 Winste van 'n … word in die vorm van bonusse onder lede verdeel in verhouding tot die omvang van die transaksies wat elke lid met die onderneming aangegaan het.

A landboukoöperasie
B publieke maatskappy
C private maatskappy
D beslote korporasie

1.1.11 … beteken dat genoegsame voorraad beskikbaar is op die regte tyd, in die regte hoeveelheid, teen die regte kwaliteit, prys en plek.

A Gehaltebeheer
B Voorraadbeheer
C Voorraadhouding
D Outomatisasie

1.1.12 In hierdie tipe onderneming mag krediteure buiten die bates van die onderneming, ook die bates van die eienaar(s) eis.

A Beslote korporasie
B Private maatskappy
C Publieke maatskappy
D Vennootskap

1.1.13 Hierdie is aandele wat aan die stigters van 'n maatskappy uitgereik word:

A Skuldbriewe
B Bonusaandele
C Stigtersaandele
D Deelnemende aandele

1.1.14 Watter EEN van die volgende is 'n voorbeeld van 'n bron van bedryfskapitaal?

A Bankoortrekking
B Bankteller
C Bankkoste
D Bankverwysing

1.1.15 Die volgende besonderhede word in beide die statute en die akte van oprigting gevind:

A Doelstellings van die maatskappy
B Aandele
C Lys van direkteure
D Vergaderings

1.1.16 'n Goeie advertensie …

(i) trek aandag.
(ii) skep belangstelling.
(iii) stel 'n handelsmerk ten toon.
(iv) skep 'n behoefte vir die produk.
(v) lei tot optrede.

Kies die korrekte kombinasie:

A (i), (ii), (iii) en (v)
B (i), (ii), (iii) en (iv)
C (i), (iii), (iv) en (v)
D (i), (ii), (iv) en (v) (16 x 3) (48)

1.2 PASITEMS

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n stelling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – H) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.6) op die ANTWOORDBLAD neer, byvoorbeeld 1.2.7 H.

	KOLOM A		KOLOM B
1.2.1	Die oordrag van gesag vanaf 'n senior personeellid na 'n ondergeskikte	A	organisering
1.2.2	Die getal werkers onder die beheer van een toesighouer	B	kommunikasie
1.2.3	Die beïnvloeding en leiding van werkers sodat hulle aan die doelwitte van die onderneming kan voldoen	C	delegering
1.2.4	Die harmonisering van individuele pogings sodat hulle saamwerk ter bereiking van die doelstellings van die onderneming	D	spanwydte van beheer
1.2.5	Die proses om 'n boodskap van een persoon na 'n ander oor te dra	E	motivering
1.2.6	Die proses waar tussen 'n aantal alternatiewe gekies word	F	beplanning
		G	besluitneming
		H	koördinering

(12)

1.3 WAAR OF ONWAAR

Dui met 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie op die ANTWOORDBLAD aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.

Voorbeeld: 1.3.11 'n Vennootskap is 'n eenmansaak met onbeperkte aanspreeklikheid.

NOMMER	WAAR	ONWAAR
1.3.11		X

1.3.1 Die vermindering in die waarde van 'n bate weens slytasie word waardevermindering genoem.

1.3.2 'n Kapitaalmark is 'n mark waar fondse vir langer as 'n jaar aan ondernemings beskikbaar gestel word.

1.3.3 Krediteure is klante aan wie die onderneming goedere en dienste op krediet verkoop.

1.3.4 Metodestudie bepaal die tyd wat dit 'n behoorlik gekwalifiseerde werker sal neem om 'n taak te verrig.

1.3.5 Dit is maklik vir die alleenhandelaar om werknemers van gehalte aan te stel aangesien hy/sy in staat is om 'n omvattende vergoedingspakket aan te bied.

1.3.6 'n Beslote korporasie het tussen twee en tien lede.

1.3.7 Faktorering vind plaas wanneer 'n onderneming sy debiteure-rekeninge teen afslag aan 'n buite-instansie verkoop.

1.3.8 Om 'n onderneming se administratiewe aktiwiteite te desentraliseer kan daartoe bydra om sekere inligting vertroulik te hou.

1.3.9 Die kapitaalbegroting word opgestel om vir die onderneming se bedryfskapitaalbehoeftes voorsiening te maak.

1.3.10 Kontribusie is wanneer die regte op 'n polis aan 'n ander persoon oorgedra word. (20)

1.4 KIES DIE KORREKTE TERM

Voltooi die volgende stellings deur die term(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf jou antwoord langs die vraagnommer (1.4.1 – 1.4.5) op die ANTWOORDBLAD neer, byvoorbeeld 1.4.6 Aktivering.

handelsmerk; handelsgeheim; handelskorting; dubbele gebruik; kaleidoskopiese; statistiek; begroting; kosteberekening; gesamentlike

1.4.1 'n … is 'n unieke naam of ontwerp op 'n produk wat dit van ander produkte onderskei.

1.4.2 Simba-skyfies het … verpakking gebruik om hul produkte gedurende die Wêreldbeker-rugby te adverteer.

1.4.3 'n … word aan 'n handelaar gegee wat gereeld op groot maat van die verskaffer koop.

1.4.4 'n Roomyshouer wat later deur 'n leerder gebruik word om sy/haar toebroodjies in skool toe te neem, is 'n voorbeeld van … verpakking.

1.4.5 'n … word gebruik om die verwagte uitgawes en inkomste vir 'n spesifieke periode te bereken. (10)

1.5 DATAREAKSIE

Bestudeer die diagram hieronder oor die drie vlakke van bestuur en beantwoord die vrae wat volg.



1.5.1 Watter vlak is betrokke by operasionele beplanning en beheer?

1.5.2 Noem die vlak wat verantwoordelik is vir die beplanning van die onderneming se missie, doelstellings en strategieë.

1.5.3 Op watter vlak sal jy gewoonlik die departementshoofde van 'n onderneming vind?

1.5.4 Noem die vlak waar bestuursbesluite met langtermynimplikasies geneem word.

1.5.5 Watter vlak sal die grootste spanwydte van beheer hê? (10)

TOTAAL AFDELING A: 100

Plaas die voltooide ANTWOORDBLAD vir VRAAG 1 binne die voorste omslag van jou ANTWOORDEBOEK.

AFDELING B

Beantwoord enige VYF vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2: BEMARKINGSFUNKSIE

2.1 Ethney bedryf haar spazawinkel in Soweto in Johannesburg.



2.1.1 In watter sektor van die ekonomie bedryf Ethney haar onderneming? (2)

2.1.2 Noem TWEE voordele van hierdie sektor vir Ethney. (4)

2.1.3 Noem TWEE ander voorbeelde van besighede in dié sektor van die ekonomie. (4)

2.2 Petros Dlamini het R1 miljoen van sy geld belê deur 'n SPAR-familiewinkel in Dundee in KwaZulu-Natal oop te maak. Die eienaar van SPAR het die reg om sake vir eie gewin te doen aan Petros Dlamini verkoop.

SPAR

GOOD FOR YOU

2.2.1 Wat word hierdie kontraktuele ooreenkoms genoem? (2)

2.2.2 Noem TWEE maniere waarop Petros Dlamini uit hierdie ooreenkoms baat kan vind. (4)

2.3 Gee VIER redes waarom jy die bostaande handelsmerk van SPAR as 'n goeie een beskou. (8)

2.4 Bespreek enige VIER faktore wat die prys van 'n produk sal beïnvloed. (12)

2.5 Watter distribusiekanaal sal jy aan 'n bloedbank (verskaffer van bloed) aanbeveel om te gebruik? Motiveer jou antwoord. (4)
[40]

VRAAG 3: ONDERNEMINGSVORME

3.1 SASKO en BOKOMO, twee maal- en bakmaatskappye, het saamgesmelt om 'n enkele onderneming te vorm.

3.1.1 Watter tipe samesmelting het tussen die bogenoemde twee ondernemings plaasgevind? Motiveer jou antwoord. (4)

3.1.2 Wat is die voordeel van hierdie ooreenkoms? Gee TWEE redes. (4)

3.2 Die vyf vriende wat hieronder uitgebeeld word, was bewus daarvan dat hulle 'n vennootskap mondelings of skriftelik kon sluit. Letoya, die jongste onder hulle, het daarop aangedring dat die ooreenkoms op skrif gestel moes word.

3.2.1 Noem die dokument wat gebruik word om die ooreenkoms skriftelik te sluit. (2)

3.2.2 Noem VYF besonderhede wat in dié ooreenkoms moet verskyn. (10)

3.3 Tabuleer enige VYF verskille tussen 'n private en 'n publieke maatskappy. (20)
[40]

VRAAG 4: FINANSIËLE FUNKSIE

4.1 'n Onderneming is oorgekapitaliseer wanneer daar te veel beskikbare kapitaal in verhouding tot omset is.

Noem TWEE maniere waarop dié situasie reggestel kan word. (4)

4.2 Tabuleer enige DRIE verskille tussen 'n aandeelhouer en 'n skuldbriefhouer. (12)

4.3 Een van die pligte van die kredietafdeling is om die kredietrisiko van elke klant te bepaal deur sy/haar kredietwaardigheid te ondersoek.

Noem enige VYF ander funksies van die kredietafdeling. (10)

4.4 Dink jy dat versekering deesdae belangrik is?

Motiveer jou antwoord deur DRIE redes te verskaf. (8)

4.5 Jy het jou eerste sakeperseel gekoop. Die perseel is vir R150 000 gewaardeer. Om op die premies te bespaar, het jy die perseel vir R120 000 verseker. Daar was 'n toevallige brand wat skade van R30 000 veroorsaak het.

4.5.1 Hoeveel sal deur die versekeraars aan jou uitbetaal word? (Toon ALLE berekeninge.) (4)

4.5.2 Noem die klousule in die versekeringskontrak waaronder die bostaande ooreenkoms gesluit is. (2)

[40]

VRAAG 5: PRODUKSIEFUNKSIE

5.1 Afrique Tiles vervaardig spesiale teëls wat volgens die spesifikasies van individuele klante vervaardig word en hulle vervaardig teëls vir elke klant uitsluitlik.

Gauteng Tiles vervaardig teëls vir elke dag se gebruik deur middel van 'n massaproduksiestelsel.

5.1.1 Identifiseer die produksiestelsel wat deur Afrique Tiles gebruik word. (2)

5.1.2 Verskaf VIER redes om te motiveer waarom Gauteng Tiles hul produksiemetode as die geskikste produksiestelsel beskou. (8)

5.1.3 Watter voordeel hou dié produksiestelsel vir die verbruiker in? (2)

5.2 Kwaliteitbeheer behels die beheer van materiaal, vakmanskap, masjinerie en werkstoestande in die produksieproses.

Noem TWEE vereistes vir effektiewe kwaliteitbeheer. (4)

5.3 Die besonderhede hieronder is geneem vanuit die rekords van Cathy Vervaardigers vir die maand Junie 2007. Hulle het 250 kantoorlessenare in Junie 2007 vervaardig. Daar is geen halfvoltooide produkte aan die begin of aan die einde van die maand nie.

Grondstowwe gebruik	R	180 000	00
Direkte arbeidskoste	R	155 000	00
Versekering teen brand	R	5 000	00
Waardevermindering op masjinerie	R	6 500	00
Elektrisiteit	R	7 000	00
Brandstof en olie	R	4 500	00
Los werkers	R	3 000	00
Indirekte materiaal	R	2 000	00
Huur per jaar	R	144 000	00

5.3.1 Identifiseer TWEE vaste bokoste. (4)

5.3.2 Identifiseer TWEE veranderlike bokoste. (4)

Toon ALLE berekeninge vir die volgende vrae.

5.3.3 Bereken die primêre koste. (3)

5.3.4 Bereken die totale produksiekoste. (5)

5.3.5 Bereken die kosprys van een kantoorlessenaar. (4)

5.3.6 Watter voordeel het die bogenoemde berekeninge vir Cathy Vervaardigers? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (4)

[40]

VRAAG 6: ADMINISTRATIEWE FUNKSIE/FINANSIËLE FUNKSIE

6.1 Jambula Klereboetiek het twintig takke wat dwars oor Suid-Afrika bedryf word. Al die inligting rakende hul kredietaankope word na hul hoofkantoor in Tshwane gestuur. Dit is daar waar die rekeninge verwerk en vanwaar rekeningstate aan hul klante gestuur word. Klante het 'n keuse om hul rekeninge by hul plaaslike tak te betaal of om 'n tjek aan die hoofkantoor te stuur. Op hul beurt stuur die tak die geld, met die name van die klante, aan die hoofkantoor.

6.1.1 Noem die tipe administratiewe stelsel wat Jambula Klereboetiek gebruik. (2)

6.1.2 Dink jy dat dit die beste administratiewe stelsel vir Jambula Klereboetiek is?

Gee VIER redes om jou antwoord te ondersteun. (10)

6.1.3 Voordat Jambula Klereboetiek krediet aan hul klante bied, win hulle eers inligting oor hul klante in.

Noem VYF bronne van inligting wat hulle kan gebruik om die kredietwaardigheid van hul klante te bepaal. (10)

6.1.4 Wat kan die onderneming doen om die veilige vervoer van die geld vanaf hul takke na die hoofkantoor te verseker? (2)

6.2 Bespreek VIER redes waarom die meeste handelaars krediethandel eerder as kontanthandel verkies. (12)

6.3 Die voorsorgmotief vir kontantaanhouding is om 'n onderneming te help met onvoorsiene uitgawes.

Bespreek EEN ander rede vir kontantaanhouding deur 'n onderneming. (4)
[40]

VRAAG 7: DIE ONDERNEMING EN SY OMGEWING

7.1 Die missie van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS) is om, deur die bevordering van gehalte en standaardisasie, tot die versterking van die ekonomie van Suid-Afrika en die verbetering van die lewensgehalte van sy mense by te dra.

Noem VYF maniere waarop hulle aan hul missie kan voldoen. (10)

7.2 Die kamer van koophandel help om die handel in 'n dorp te bevorder en om mededinging tussen lede uit te skakel.

Noem DRIE ander funksies van hierdie instelling. (6)

7.3 Bespreek VIER dienste wat deur die JSE Sekuriteitebeurs van Suid-Afrika Bpk. (die JSE) gelewer word. (12)

7.4 Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) beheer die land se geld en bankstelsels. Bespreek die volgende funksies van die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank:

7.4.1 Bank van uitgifte (4)

7.4.2 Bewaarder van kontantreserwes (4)

7.4.3 Bankier vir die staat (4)
[40]

VRAAG 8: ALGEMENE BESTUUR

8.1 In die lyn-organisasiestruktuur word gesag afwaarts gedelegeer.

Noem VIER voordele van hierdie reëling. (8)

8.2 Jy is die personeelbestuurder by Sishen Staal. 'n Lid van die vakbond het 'n afspraak met jou gemaak om die ontslag van een van die werkers, Blessing Khumalo, te bespreek.

Petrus Ndou, die direkte toesighouer van Blessing, het die volgende inligting aan jou verskaf: Blessing, 'n masjienoperateur by een van die aanlegte, was by twee geleenthede laat vir werk sonder 'n geldige rede. In beide gevalle het Petrus aan hom 'n mondelinge waarskuwing gegee.

Blessing is summier ontslaan toe hy die derde keer sonder 'n rede laat gekom het.

8.2.1 Dink jy dat Blessing se ontslag regverdig was?

Gee TWEE redes om jou antwoord te ondersteun. (6)

8.2.2 Noem VIER beginsels wat in ag geneem moet word wanneer daar dissiplinêr opgetree word. (8)

8.3 Sonder beplanning is daar geen rigting in 'n onderneming nie.

Noem VYF beginsels wat jy kan volg om te sorg dat daar effektiewe beplanning in jou onderneming sal plaasvind. (10)

8.4 Gee VIER voorbeelde van hoe die bestuur van 'n onderneming hulle werkers kan motiveer om hulle produktiwiteit te verhoog. (8)
[40]

VRAAG 9: ALLERLEI

Beantwoord enige VIER van die volgende vrae:

9.1 Noem VYF voordele van reklame. (10)

9.2 Gee VYF kenmerke van 'n beslote korporasie. (10)

9.3 Noem VYF onetiese praktyke in reklame. (10)

9.4 'n Eenmansaak is gewild omdat dit met gemak begin en beëindig kan word.

Identifiseer enige VYF ander aspekte waarom dit so gewild is. (10)

9.5 Noem VYF dokumente wat deur 'n private maatskappy aan die registrateur van maatskappye voorgelê moet word voordat hy 'n sertifikaat van inlywing aan hulle sal uitreik. (10)

9.6 Noem VYF veiligheidsmaatreëls wat oorweeg moet word om die veiligheid van werkers te verseker. (10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 200

GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER:													

SENTRUMNOMMER:								

PLAAS DIE VOLTOOIDE ANTWOORDBLAD VIR VRAAG 1 BINNE DIE VOORSTE OMSLAG VAN DIE ANTWOORDEBOEK.

AFDELING A – ANTWOORDBLAD

VRAAG 1

1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Beantwoord elke vraag deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie te maak.

1.1.1	A	B	C	D
1.1.2	A	B	C	D
1.1.3	A	B	C	D
1.1.4	A	B	C	D
1.1.5	A	B	C	D
1.1.6	A	B	C	D
1.1.7	A	B	C	D
1.1.8	A	B	C	D
1.1.9	A	B	C	D
1.1.10	A	B	C	D
1.1.11	A	B	C	D
1.1.12	A	B	C	D
1.1.13	A	B	C	D
1.1.14	A	B	C	D
1.1.15	A	B	C	D
1.1.16	A	B	C	D

(16 x 3) (48)

1.2 PASITEMS

Skryf slegs die letter (A – H) uit KOLOM B langs die toepaslike vraagnommer neer.

1.2.1	
1.2.2	
1.2.3	
1.2.4	
1.2.5	
1.2.6	

(12)

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER:													

SENTRUMNOMMER:								

1.3 WAAR OF ONWAAR

Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

NOMMER	WAAR	ONWAAR
1.3.1		
1.3.2		
1.3.3		
1.3.4		
1.3.5		
1.3.6		
1.3.7		
1.3.8		
1.3.9		
1.3.10		

(20)

1.4 KIES DIE KORREKTE TERM

1.4.1	
1.4.2	
1.4.3	
1.4.4	
1.4.5	

(10)

1.5 DATAREAKSIE

1.5.1	
1.5.2	
1.5.3	
1.5.4	
1.5.5	

(10)

TOTAAL AFDELING A: 100

Kopiereg voorbehou